



Kokkewiet Pre-Primêre Skool

VoortrekkerStraat 41
Ashley

Posbus 10088
Ashwood
3605

Tel: 031 7021193
E-pos: Kokkewiet@worldonline.co.za
Webblad: www.kokkewiet.co.za

Faks: 0865246128

Liewe ouers

INFASERING VAN KLEUTERS, PEUTERS EN BABAS.

Op 13 Julie 2020 keer van ons kleuters, peuters en babas in fases terug skool toe. Dit gaan vir almal 'n groot aanpassing wees maar ons wil u as ouers gerusstel dat alles moontlik gedoen word om die veiligheid van die kleuters te verseker.

- 13 Julie :** Groengroep(Juffrou Judy)
Rooigroep (Juffrou Henti en juffrou Mieta)
Persgroep(Juffrou Martie en juffrou Anet)
- 14 Julie :** Groengroep(Juffrou Marisa)
Rooigroep(Juffrou Henti en juffrou Mieta)
Geelgroep(Juffrou Rodene en juffrou Alida)
- 15 Julie :** Groengroep(Juffrou Judy)
Rooigroep(Juffrou Henti en juffrou Mieta)
Persgroep(Juffrou Martie en juffrou Anet)
- 16 Julie :** Groengroep(Juffrou Marisa)
Rooigroep(Juffrou Henti en juffrou Mieta)
Geelgroep(Juffrou Rodene en juffrou Alida)
- 17 Julie :** Groengroep(Juffrou Judy)
Rooigroep(Juffrou Henti en juffrou Mieta)
Persgroep(Juffrou Martie en juffrou Anet)
Geelgroep(Juffrou Rodene en juffrou Alida)



Ongelukkig mag ons Gr R leerders nog nie terugkom skool toe nie. Alles moontlik word egter gedoen om dit te bewerkstellig. Gr R ouers sal onmiddelik in kennis gestel word van enige verwickelinge.

Boodskap aan kleuters en peuters:

Die volgende kan by die huis gedoen word om jou gereed te maak vir die terugkeer na die skool :

- ✓ Maskers is nie verpligtend vir die ouderdom vanaf 5 jaar en jonger. Dit is ouers se keuse of die kleuters maskers/skerms moet dra. Dit moet asseblief net duidelik gemerk word.
- ✓ Was jou handjies op die korrekte manier.
- ✓ Hoes en nies soos Batman (in jou elmboog.)
- ✓ Oefen sosiale distansiëring. Strek jou armpies voor jou uit. Dit is die spasie wat tussen jou en die maatjie voor jou moet wees.
- ✓ Leer die 5 verskillende maniere van groet.

Dit is hoe jou dag gaan verloop:

- ❖ Jy arriveer by die skool om 07h00 in jul voertuig.
- ❖ 'n Juffrou gaan vir jou ouers/voog 'n paar vragies vra bv:

- a) Het jy 'n hoë koors?
- b) Het jy 'n droë hoes?
- c) Is jy kortasem?
- d) Is jou keel seer?
- e) Is jou lyfie seer?
- f) Reuk en smaak normaal?
- g) Was jy in kontak met iemand wat positief getoets is vir Covid-19?





- ❖ Jy moet in die voertuig bly totdat 'n juffrou jou koors geneem het. As jou koors hoër as 38°C is, moet mamma jou huis toe neem.
- ❖ Indien jou koors laer as 38°C is mag jy maar uit die voertuig klim.
- ❖ By die hek gaan jou hande, tas en skoene ontsmet word.
- ❖ 'n Juffrou gaan saam met jou tot by die klas stap waar jy vir juffrou gaan groet met een van die maniere wat jy by die huis geoefen het.
- ❖ Ons gaan lekker speel, teken, inkleur, skoolwerk doen en storie luister.
- ❖ Elke maatjie in die klas gaan 'n roomysbak kry waarin al jou skryfbehoeftes gepak is.
- ❖ Juffrou gaan jou simbool op die bak plak.
- ❖ Niemand mag meer in die sandput speel nie.
- ❖ Elke keer wanneer 'n maatjie met speelgoed gespeel het gaan ons dit eers ontsmet voordat die volgende maatjie daarmee mag speel.
- ❖ Juffrou gaan heeldag by julle wees en ons gaan nie met die ander groepe meng nie.
- ❖ Jy mag geen kos, koeldrank, lekkergoed of enige speelgoed met jou maats deel nie.
- ❖ Nadat jy jou kos geëet het gaan die sakkie in die asblik gegooi word. Ons gaan nie meer kosblikke skool toe bring nie. Juffrou sal vir mamma idees stuur van wat om alles in te pak.
- ❖ Voordat jy huis toe gaan moet jou koors eers weer geneem word.
- ❖ Juffrou sal saam met jou na die hek toe stap waar mamma vir jou in die voertuig gaan wag.

- ❖ Jy mag nie meer skeppende prentjies huis toe neem nie, maar juffrou sal vir mamma foto's neem sodat sy al jou mooi werk kan sien.
- ❖ Skool sluit om 12h00, geen nasorg tot verdere kennisgewing.

ONTHOU:

- Moenie jou masker met iemand anders deel nie (maats wat maskers/skerms gaan dra)
- Was jou masker/skerm elke dag.
- Moenie aan jou gesig en oë vat nie.
- Bly by die huis as jy siek voel.
- Jy mag nie aan jou maatjie vat nie.
- Onthou van sosiale distansiëring.
- Hoes in jou elmboog soos Batman.
- Sê vir juffrou as jy siek begin voel deur die loop van die skooldag.



Ons sien uit daarna om julle weer te sien.

Baie liefde.

F Janse van Rensburg

Me F Janse van Rensburg
Skoolhoof